# Riviere

*"Elke seisoen het sy plek, elke jaargety sy vreugde op hierdie aarde, daardie soete speelbal van die skepper wat hy nooit uit sy hand laat val nie."*
*- Ceciel Cilliers*

***Doelwit:*** Om die Verkenner bewus te maak van die skepping om hom en om die ligging, waarde en invloed van riviere te bestudeer
***Weergawe:*** 2009
***Datum:*** Oktober 2009

## Begronding

***Voortrekkerkode:***

1. 'n Voortrekker glo in die Drie-enige God en dien Hom.
6. 'n Voortrekker waardeer en bewaar sy omgewing.
9. 'n Voortrekker is oplettend en weerbaar.
10. 'n Voortrekker is diensgerig en diensvaardig.

***ABC:*** Hierdie spesialisasie spreek al drie aspekte van die ABC aan. Deur die aanbieding van die kenteken raak die Verkenner opnuut weer daarvan bewus dat ons die Here op twee maniere kan leer ken, naamlik deur Sy Woord en deur die natuur. Beide mediums word in die aanbieding van die kursus gebruik. Die kennis wat aangaande riviere opgedoen word, word direk in verband gebring met die Verkenner se onmiddellike omgewing en die relevansie daarvan met betrekking tot sy land en volk se geskiedenis en toekoms.

## Aanbiedingsmetodes

| | | | |
|---|---|---|---|
| Tydsduur: | 3 dae | Graadgroep: | 8 - 12 |
| Voorvereistes: | Geen | | |
| Aanbieding: | Die spesialisasie kan slegs in spanverband afgehandel word. | | |
| Toekennings instansie: | Kommando | | |

## Uitkomste

Om die kenteken te verwerf moet die Verkenner:

1. Die riviere in die ondergenoemde Bybeltekste benoem en kortliks beskryf watter gebeure daar plaasgevind het:
   - 1.1 Genesis 2:10 – 14
   - 1.2 Genesis 32:23 – 24
   - 1.3 Eksodus 2:1 – 4
   - 1.4 Josua 1:1 – 4
   - 1.5 Psalm 137:1 – 4
   - 1.6 Matteus 3:13

2. Basiese kennis oor die volgende wêreldbekende riviere hê deur die volgende te doen:
   - 2.1 Op 'n wêreldkaart die agt grootste riviere aan te dui.
   - 2.2 Vas te stel watter rivier die langste en grootste is (vervoer die grootste massa water) en deur die meeste lande vloei.
   - 2.3 Aan te dui aan in watter riviere en lande die wêreld se vyf grootste damme is en hulle te benoem.
   - 2.4 Te bespreek hoe die bou en klimaat van die land meewerk om riviere te vorm en hoe dit die kon struksie van damme beinvloed?
   - 2.5 Vas te stel in watter riviere die wêreld se bekendste drie watervalle is.

# Riviere

3. Basiese kennis oor die volgende Suid-Afrikaanse riviere hê deur die volgende te doen:
   - 3.1 Die Zambesi-, Limpopo-, Okavango-, Oranje- en Kuneneriviere op ‘n topografiese kaart aan te dui.
   - 3.2 Die nut van riviere ten opsigte van vervoer (bevaarbaarheid), besproeiing, water voorsiening vir die omgewing en omliggende stede, asook ontspanning te bespreek.
   - 3.3 Die vyf grootste damme in Suid-Afrika aan te dui (asook die dam naaste aan u streek).
   - 3.4 Die vyf grootste watervalle in die Suid-Afrikaanse streek en in watter rivier hulle voorkom aan te dui. Wend ‘n poging aan om een van die watervalle te besoek.

4. Versamel ten minste 10 gedigte, spreekwoorde en liedjies wat handel oor riviere en verduidelik dit aan die res van die span.

5. Reël ‘n kamp van ten minste 3 dae by ‘n besproeiingsdam of ‘n dam met ‘n hidro-elektriese aanleg. Gebruik die kamptema: Water is lewe. Neem deel aan die volgende aktiwiteite gedurende die kamp:
   - 5.1 Besoek ‘n besproeiingsdam en –skema en besigtig kanale, sluise en besproeiingsgebied. Neem deel aan opruiming van enige vorm van besoedeling.

   of

   Besoek ‘n hidro-elektriese aanleg en beleef die waarde van hernubare, skoon, hidro-elektriese kragopwekking. Neem deel aan opruiming van enige vorm van besoedeling in die omgewing.
   - 5.2 Doen navorsing oor- en besoek moontlike geskiedkundige plekke of gebeure in omgewing.
   - 5.3 Bespreek waterveiligheid en voorsorgmaatreëls ten opsigte van noodtoestande soos vloede.
   - 5.4 Gaan op ‘n bootrit of neem deel aan enige ander watersport.
   - 5.5 Doen waarneming van plantegroei langs die oewer en vergelyk dit met die omgewing weg van ‘n rivier.
   - 5.6 Bespreek die bydrae wat ‘n rivier lewer ten opsigte van die ekonomiese ontwikkeling van die gebied en die moontlike besoedeling van water.
   - 5.7 Neem deel aan opruiming van moontlike besoedeling op die oewer by die kampgebied.